INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 0 3 5 | Datum 9 8 0 9 0 4 2 4 7 | Onderwerp nr. | Knipsel nr. 9336

- 4 SEP 1998

Beeld Jg. Nr. P. / Dat.

# Sasria sal selfs hof toe om besluit van regering te beveg

## Lede wil nie reserwes prysgee

Hein Swart

Kaapstad. – Sasria gaan nie die regering se besluit om op sy reserwes beslag te lê, gelate aanvaar nie. Hy gaan hand en tand baklei om dit vir sy eie doeleindes te behou.

'n Uitdagende mnr. Mike Strydom, besturende direkteur van Sasria, het gister aan Sake-Beeld gesê hy sal hom selfs op die howe beroep om 'n stokkie voor die regering se planne te steek.

Volgens die wetsontwerp op die omskepping van Sasria wat eergister in die parlement ter tafel gelê is, gaan die regering Sasria van 'n maatskappy sonder winsbejag omskep in 'n openbare maatskappy, met die staat as enigste aandeelhouer.

Die wetsontwerp gee aan die minister van finansies voorts die mag om 'n deel van Sasria se reserwes vir hom toe te eien en dit dan vir die vermindering van staatskuld aan te wend.

Die voorlopige aanduidings is dat die staat op R8 miljard van Sasria se opgehoopte reserwes van R10 miljard beslag gaan lê. Die finale bedrag sal later bepaal word.

Die geld sal in die vorm van 'n dividend aan die staat oorbetaal word.

Strydom het gisteroggend uitgebreide samesprekings met Sasria se regsverteenwoordigers gevoer. Hy het 'n mandaat ontvang van sy direksie en byna vyftig private korttermynversekeraars, wat almal lede van Sasria is, om die staat se planne teen te staan.

Wat die aard van Sasria se regstappe teen die staat behels, sal eers later bekend gemaak word.

Strydom het gesê dat hy ook na Kaapstad sal reis om voor die parlement se portefeuljekomitee oor finansies te kom getuig in 'n poging om die staat tot ander insigte te bring.

Die komitee moet nog eers die wetsontwerp formeel goedkeur voordat dit na die nasionale vergadering vir finale goedkeuring verwys kan word.

Strydom voer aan dat die regering se planne met Sasria se reserwes nadelig vir Sasria se duisende polishouers is, aangesien dit hulle is wat die geld in die eerste plek bygedra is. Dit is geld wat aan hulle behoort.

Die regering voer egter aan dat Sasria in sy hele bestaan geen belasting betaal het nie en boonop geen winste of dividende uitgekeer het nie. Die staat was dus regstreeks daarvoor verantwoordelik dat hy in staat was om reserwes van R10 miljard op te bou. Dit is veel meer as wat hy nodig het om sy normale eisverpligtings na te kom.

Ingevolge die wetsontwerp sal die staat aanvanklik die alleenaandeelhouer van Sasria wees, maar die moontlikheid bestaan dat hy sy belang iewers in die toekoms kan privatiseer.

Hy gaan hom mettertyd ook as onderskrywer van Sasria se eisverpligtings onttrek.

Die staat het destyds hiervoor ingestaan omdat private korttermynversekeraars nie bereid was om politieke risiko's te onderskryf nie. Dit het regstreeks tot die stigting van Sasria aanleiding gegee.

TREFWOORDE
1 Sake Beeld
2 Dwarshewe
3 Sasria
4 Howe
5 Opponering
6 Regering Nas Eenheid
7 Wetgewing
8 Wetgewing
9 Reserwes
10